# Noah's Ark Independent Primary School

| | |
|---|---|
| Subject: Afrikaans | Examiner: Smith, M |
| Type: End of Year | Moderator: Teles, K. |
| Date: 22 Noveber 2019 | Grade: 3 |
| Marks: 50 Marks | Time: 60 minutes |

---

**Instruksies:**

Lees die vrae aandagtig deur voor dat jy begin skryf.

Maak seker dat jy al die vrae beantwoord.

Skenk veral aandag aan spelling, taalfoute en sins konstruksie.

Skryf netjies en leesbaar.

---

## Afdeling A: Luister en praat

| | | |
|---|---|---|
| Luister en praat:<br>Gee eenvoudige opsomming van die teks. | Mondeling & rubriek | 5 |

**Weet jy van spinnekoppe? (Gemiddeld)**

Beweeg, onderstebo, web, taai, belangrik, tande. kou, wyfie, mannetjie, natuur

**Rubriek**

| | |
|---|---|
| 5 | Geniet nie-fiksie teks en verstaan nuwe woordeskat baie goed. Kan opsomming gee van die teks en is instaat om die kern weer te gee. Gebruik goed geformuleerde sinne. |
| 4 | Luister aandagtig na die teks en verstaan nuwe woordeskat. Kan 'n opsomming maak van die teks en kan die belangrikste feite weergee. Gebruik eenvoudige sinne. |
| 3 | Luister en verstaan die teks asook die nuwe woordeskat. Kan redelik goed 'n opsomming maak van die teks, maar gee te veel feite. Gebruik eenvoudige sinne wat die altyd korrek geformuleer is nie. |
| 2 | Kan slegs gedeeltelik die teks volg en verstaan asook die nuwe woordeskat. Sukkel om 'n opsomming te maak en sinskontruksie is nie korrek nie. |
| 1 | Kan nie die teks volg en verstaan nie. Verstaan nie die nuwe woordeskat nie. Vrae word nie korrek beantwoord nie selfs as daar na die prente verwys word. Kan nie 'n opsomming van die teks maak nie want kan nie 'n sin gebruik nie. Gebruik net een of twee woorde. |

______ / 10 (Afdeling A)

## Afdeling B: Lees en klanke

Leesbegrip

| |
|---|
| Verlede somer het dit vir sewe dae lank hard gereën. Daar was ‘n vloed water agter in die Smits se tuin. ‘n Stroom modderwater het by die tuinpaadjie afgestroom en by die agterdeur ingeloop. Mnr en Mev Smit het tuisgekom van die werk en was geskok om te vind dat al hulle matte vuil was en dat daar poele water in die kombuis en badkamer was. Vir drie dae het hulle hard gewerk om hulle huis skoon te maak. |

Skryf die beste antwoord:

1. Dit het (drie dae / ‘n week) lank gereën. (1)

_____________________________________________

_____________________________________________

2. Mnr en Mev Smit (was by die huis / by die werk) gedurende die vloed. (1)

_____________________________________________

_____________________________________________

3. ‘n Vloed is wanneer daar (baie water / modderwater) is. (1)

_____________________________________________

_____________________________________________

4. Die matte was vuil want (hulle was lanklaas skoon gemaak / hulle was vol modder). (1)

_____________________________________________

_____________________________________________

5. Daar was water in (die badkamer / die kombuis / albei kamers). (1)

____________________________________________________

____________________________________________________

6. Die Smit familie het hul huis (in sewe dae / in drie dae) skoongemaak. (1)

____________________________________________________

____________________________________________________

7. Die Smits se huis is (gewoonlik skoon / gewoonlik vuil). (1)

____________________________________________________

____________________________________________________

8. Teken 'n deel van hierdie storie waarvan jy hou. (1½)

9. Gebruik die prentjie en voltooi die woord met -aai, -ooi, -oei, -eeu

(8)

| | | | |
|---|---|---|---|
|  |  |  |  |
| **kr_____** | **l_____** | **g_____** | **str______** |
|  |  |  |  |
| **br_____** | **s_____** | **skr______** | **r______** |

10. Voltooi die sinne met die korrekte woorde in die raampie. (5)

| bloei, meeu, haai, koei, laai |
|---|

Ek bêre my klere in 'n ________.

Die _______ is 'n voël wat ons by die see sal kry.

Jan het geval en sy been ________.

Die _________ het baie skerp tande en swem in die see..

Ons kry melk van die __________.

______ / 21½ (Afdeling B)

## Afdeling C: Skryf en handskrif

1. Skryf die sin oor in die Verlede tyd. (1)

   Die juffrou verduidelik, terwyl die kinders luister.

   ______________________________________________________

   ______________________________________________________

2. Skryf die sin oor in die Teenwoordige tyd. (1)

   Die kinders het gekyk, terwyl die juffrou op die bord geskryf het.

   ______________________________________________________

   ______________________________________________________

3. 'n Selfstandige naamword is 'n naamwoord. Omkring Twee selfstandige naamwoorde in die sin hieronder. (1)

   Die seun lees 'n boek.

4. 'n Voornaamwoord is 'n woord wat in die plek van die selfstandige naamwoord gebruik word. Omkring Twee voornaamwoorde in die sin hieronder. (1)

   Die onderwyseres en haar kinders het by hulle skool gaan kuier.

5. 'n Voegwoord is 'n woord wat sinne aanmekaar voeg. (2)

   Omkring een voegwoord in elkeen van die sinne hieronder.

   a. Die juffrou maak die deur oop en die kinders loop uit.

   b. Die dogters speel netball maar die seuns speel sokker.

6. Kyk na die prente en voltooi die sinne. (2)

a. Daar is water in die ...

________________________________________________

b. Hy eet met 'n mes en 'n ...

________________________________________________

7. Onderstreep die regte voorsetsel. (1)

Ouma sit die pot (op / aan) die stoof.

8. Skryf die volgende sinne oor. Vul twee leestekens in elke sin in. (6)

a. Die kinders speel sokker netball en rugby by ons skool.

________________________________________________

________________________________________________

b. hoeveel meisies en seuns is daar in jou klas.

________________________________________________

________________________________________________

c. Stop skreeu die juffrou vir die kinders.

________________________________________________

________________________________________________

9. Omkring die regte werkwoord tussen hakies. (2)

a. Die kinders (spiëel / speel) by die skool.

b. Die seuns het die (lang / lank) tou getrek.

10. Skryf een sin oor die prentjie. (1½)



hop grond bal

____________________________________________

____________________________________________



kinders swaai

____________________________________________

____________________________________________



verjaarsdag koek kerse eet

____________________________________________

______ /18½ (Afdeling C)